ROETE 12
7 DAE GEBEDSGIDS

Gebruik hierdie gebeds gids om jou te lei om die week vooraf en tydens die 40 Dae ***ROETE 12*** gefokus te bid vir die Veldtog.

“ Bid asseblief vir ons !
Vra dat die Here se krag ons sal dra
wanneer ons die goeie nuus bekend moet maak .
Dan sal die evangelie soos ‘n veldbrand deur die wêreld versprei.
Almal sal dan kan sien hoe groot en wonderlik God regtig is. “

2 Thess 3:1 (Die Boodskap)

Sondag

Vader ek bid,

- dat ons onsself in gebed sal toewy vir die 40 Dae ***ROETE 12*** Veldtog. Berei ons geestelik voor vir wat U wil doen . Sonder U krag is ons tot niks instaat nie. Help ons asseblief om gedurende die tyd in alles wat ons doen U aangesig in gebed te soek

- vir LERAAR wat die leiding neem asook vir ALMAL WIE MEEWERK se belangrike aandeel in die Veldtog. Ons bid U bekerming oor hulle en hulle gesinne in die tyd. Here vul hulle asseblief met U Heilige Gees vir wysheid en krag.

Maandag

Here Jesus ek bid …

- vir die Span Koördineerder , en sy span, dat hulle alles tot U eer sal doen. Ek bid dat hulle U genade en guns sal beleef in hulle dienswerk. Gee hulle wysheid en krag om die gemeente te lei in hierdie 40 Dae ROETE 12 Veldtog.

- dat ons almal ‘n honger sal hê vir geestelike verandering (transformasie) in ons gemeente en vir blywende vrug vir U koninkryk in ons gemeenskap

Dinsdag

Heilige Gees ek bid…

- dat almal in ons gemeente sal deel in die 40 Dae ROETE 12 se klein-groepe byeenkomste en dat hulle hier intieme geestelike verhoudings en veranderde lewens sal beleef. Berei asseblief al hierdie leiers van die klein-groepe voor en rus hulle toe vir hierdie dienswerk

- dat almal in ons gemeente hulle sal verbind om elke week ‘n Bybelvers te memoriseer en daagliks die voorgestelde gedeelte in die 40 Dae ***ROETE 12*** sal studeer

Woensdag

Here ek bid ….

- vir die 7 weke se eredienste en die impak wat dit gaan hê op U kinders.

- dat ons Bedieningsfees aan die einde ‘n verdere impak sal hê op ons diens-werk in ons gemeenskap. Ek bid dat meer dienswerkers na vore sal kom om met hulle gawes en talente ‘n verskil te maak in ons gemeenskap.

Donderdag

Vader ek bid…

- dat ons “eind”-fees mense sal inspireer om in ons gemeenskap en verder uit te reik . Seën ons asseblief met motivering en geleenthede om te gaan doen wat ons geleer het.

- vir ons almal se geestelike groei en dat ons geloof sal verdiep soos ons gaan besef wat die doelwitte is wat U vir ons lewe het nl: aanbidding, gemeenskap, dissipelskap, dienswerk en sending(getuienis)

Vrydag

Here ek bid …

- vir ons eindfees Sondag,dat dit ‘n ware Jubeldag sal wees vir alles wat U in en deur ons gedoen het gedurende die 40 Dae

- dat deur die impak van hierdie Veldtog mense hulle lewens sal toewy aan Jesus Christus wat sin en ‘n doel gee aan ons lewe. Gebruik hierdie Veldtog om ons gemeente te inspireer om in ons gemeenskap meer doelgerig uit te reik met die Goeie Nuus.

Saterdag

Vader ek bid…

- dat almal in die gemeente in die dae **ontvanklik** sal wees vir die Boodskap van die Veldtog. Help ons om die doelwitte waarvoor U ons geskep het,uit te leef

- dat ons almal opgewonde sal wees oor die verskil wat gebed kan maak in die tyd

"Aan Hom wat deur Sy krag
wat in ons werk magtig is
om oneindig meer te doen
as wat ons bid of dink
aan Hom kom die eer toe
in die kerk" .

Efesiers 3:20